DEEL 113 | WEEK 37 | 17 SEPTEMBER 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# IS JY GEREGISTREER OM TE KAN X




Suid-Afrikaners wat aan vanjaar se verkiesing wil deelneem, word eerskomende naweek die geleentheid gebied om by hul naaste stemlokaal te registreer. Die registrasienaweek vind op 18 en 19 September 2021 van 08:00 tot 17:00 plaas.

Na verskeie hofsake wat moes bepaal of die munisipale verkiesing wel vanjaar gaan plaasvind, en waarin die ANC-regering gepoog het om die verkiesing tot 2022 uit te stel, is daar uiteindelik besluit dat Suid-Afrikaners op Maandag 01 November vanjaar hul kruisies sal kan gaan trek.

Volgens die OVK sal alle Covid-19-maatreëls by verkiesingstasies nagekom word. Vanjaar word 'n onuitwisbare ink uit 'n bottel op die duim van die kieser toegedien met behulp van watte.

Die verkiesing word gehou om rade te kies vir alle distrik, metropolitaanse en plaaslike munisipaliteite in elk van die land se nege provinsies.

Diegene wat hierdie naweek wil registreer, moet 'n Suid-Afrikaanse strepieskode-identiteitsdokument, 'n slim ID-kaart of 'n tydelike ID-sertifikaat voorhou en moet 18 jaar of ouer wees om te kan stem ('n persoon kan wel vanaf die ouderdom van 16 registreer).

As jy 'n bestaande kieser is wie se persoonlike inligting verander het (soos jou adres, jou van ens.), is dit verpligtend om jou besonderhede by te werk of te wysig. Dit kan aanlyn gedoen word of by die stem-/registrasie-lokaal wat die naaste aan jou huis geleë is.

Om uit te vind of om seker te maak watter stemlokaal die naaste aan jou is, besoek gerus die volgende skakel – https://maps.elections.org.za/vsfinder/

Hoewel jy steeds van die tradisionele manier van registrasie gebruik kan maak deur in 'n ry te gaan staan en in lewende lywe te registreer, is daar vanjaar ook die opsie beskikbaar om aanlyn te registreer.

Hoe om aanlyn te registreer – Gaan na https://registertovote.elections.org.za/voter-online-registration/overview. Verstrek jou ID nommer, naam en van en selfoonnommer. Tik die eenmalige PIN (OTP) wat na jou selfoonnommer gestuur is in. Voer jou adresbesonderhede in.

Neem 'n foto van jou ID-dokument (dit word ook stap vir stap verduidelik). Laai die foto van jou geldige ID-dokument en maak seker dat die strepieskode duidelik sigbaar is.

Binne 24 uur nadat jy stappe 1 tot 5 voltooi het, sal jy 'n kennisgewing ontvang dat jy geregistreer is om te stem. As jy geregistreer is om in 'n spesifieke gebied te stem, kan jy nie buite daardie gebied gaan stem nie.

Om te bevestig of jy wel geregistreer is om aan vanjaar se munisipale verkiesing deel te neem, volg gerus hierdie opsie:

Gaan na die OVK-webwerf www.elections.org.za en volg die skakel: https://www.elections.org.za/pw/Voter/Voter-Information.









# OK Foods HEILBRON

**SLEGS GELDIG VANAF: 01 SEPT - 30 SEPT 2021**
Central Careline: 051 434 2251 or Email: info@okfd.com

OKFDtalks OK_Foods

SLEGS TWEE VAN DIESELFDE ITEMS PER PERSOON PER DAG TOEGELAAT

*Eienaars op wie jy kan staatmaak!*

KOOPKRAG IS NOU BY AL ONS KASREGISTERS BESIKBAAR EN KAN BETAAL WORD MET KONTANT SOWEL AS DEBIET EN KREDIETKAARTE

# KOM SPAAR IN SEPTEMBER
## OP FAMILIE GUNSTELINGE

9.99 Albany, Blue Ribbon of Sasko Wit of Bruin Brood 700g ELK

19.99 Clover Laevet of Volroom Melk 2lt ELK

69.99 Ricoffy 750g ELK

14.99 Rama Margarien 500g Blok ELK

19.99 Golden Cloud Koekmeel 2,5kg ELK

49.99 Sunfoil Canola of Sonneblomolie 2lt ELK

24.99 Selati Bruinsuiker 2kg ELK

36.99 JJ Malan Boerdery Groot Eiers 30's Per Pak

39.99 Busta Mieliemeel 10kg ELK

39.99 Bokomo Weet-Bix Gesinspak 900g ELK

9.99 Colgate Standaard Tandepasta 100ml ELK

49.99 Omo Auto Waspoeier 2kg ELK

119.99 Olof Bergh Brandewyn 750ml ELK

249.99 Castle Lite Blikkies 24 x 500ml PER KAS

OK Liquor <18

# BESKERM JOU HART LEWENSLANK

## *Waarskuwings en wenke om jou hart gesond te hou*

• ***Heilbron Kliniek***

Let op vir simptome soos ongemak, drukkende gevoel of pyn in die middel van jou bors. Let ook op vir ongemak in een of albei arms, rug, nek, kakebeen of selfs die maag. Die simptome sluit ook in swakheid, duiseligheid, moontlike hartkloppings, 'n kort asemhaling, naarheid, koue sweet en soms voel dit net as of iets vreesliks gaan gebeur.

**VERLAAG JOU RISIKO:**

Volgens Harvard-navorsers is daar nege maniere om hartaanvalle te kan voorkom. Slegte hartgene kan lei tot lae vlak van inflamasie in die bloedvatwande. Dit is dan uiters vatbaar vir verdere skade deur die ander faktore.

**1. HOU OP MET ROOK.** Dit skakel alle hoërisiko-hartgene aan. Rook veroorsaak ook dat die bloedvate verstop kan raak. Mense wat ophou rook verlaag hul kanse tot 'n hart-aanval binne drie jaar. Ouer mense van 60 kan tot sewe jaar by hul lewe byvoeg as hul ophou met rook.

**2. DOEN OEFENING.** Ongeveer 20 verskillende gesondheidsvoordele gaan gepaard met oefening. Jou hartvate versterk. Oefening dien ook as 'n stresontlaaier en help met gewig. Fiksheid kan hartsiektes tot en met 'n derde verminder. Oefeninge twee keer per week is 'n goeie begin vir 'n gesonde hart.

**3. BEHEER JOU GEWIG.** Mense wat oorgewig is, het 'n dikker vetlaag om hul harte en ander organe wat glad nie gesond is nie. Manne met boepe staan 'n groter risiko aan om hartsiektes te ontwikkel.

**4. EET VAN JONGS AF KOS WAT MIN VERSADIGDE EN TRANSVETTE BEVAT.** Dit keer dat 'n spesifieke hartgeen aangeskakel word.

**5. EET MINSTENS DRIE KEER PER WEEK KOSSE WAT BAIE OMEGA-3-VETSURE BEVAT.** Eet vissoorte soos tuna, sardyne en ander olierige vis wat bestaan uit goeie vette. Dit kan die risiko vir bloedstolling verminder. Dit help ook om jou gouer versadig te laat voel.

**6. MEER VARS GROENTE EN VRUGTE** moet geëet word, omdat hulle baie vitamien B bevat wat die cholesterol-vlakke in die hart kan beskerm.

**7. EET OOK MEER VESELKOSSE.** Eet hawermoutpap en ruvesel. Tien gram per dag kan jou risiko tot 20% verlaag.

**8. KEN JOU TELLINGS EN HOU DIT IN TOOM.** Hoë bloeddruk wat verlaag kan word tot die normale 120/80 mm Hg, kan jou risiko vir 'n beroerte halveer. Terselfdetyd daal jou risiko vir 'n hartaanval ook.

**9. LEER OM STRES TE KAN VERWERK.** Langdurige spanning kan ook die bloedvatwande vatbaar maak vir skade.






# HUPPEL TRIPPELAARS GENIET BYBELSE BLOKRAAI



*Elza Kriel en Dawn Wessels het die program aangebied as Vrouediens-lidmate van NGK Heilbron Suid. Dit was 'n Bybelse blokraai. Elza het 'n gedeelte uit Lukas voorgelees; en die Huppel Trippelaars moes onthou wat sy gelees het; en die blokraai voltooi. Gelukkig was sy genadig; en het gehelp waar die onthou opgehou het. Dit was 'n heerlike oggend met baie gesels, koek en koeldrank. Die volgende byeenkoms vind plaas op 28 September.*




# WEEK SEWE-EN-DERTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

Hierdie week het ek geloop en gedink. Baie kere sommer net geloop. Maar ek kon nie 'n tema in my kop opdiep vir hierdie week se gesels nie.

Dalk moet ek gou-gou my sê sê oor die *keyboard warriors* wat so lief is daarvoor om (meesal ongevraagde) kommentaar op sosiale media lewer, maar ek het ook nie juis 'n vreeslike sosiale-media-teenwoordigheid om gesaghebbend daaroor te praat nie.

Toe hoor ek dat dit testamentweek is. Dalk moet ek iets daaroor sê, maar ek was nog nooit in so iets betrokke nie. My testament is ook baie eenvoudig, dus voorsien ek ook nie enige probleme wanneer ek die dag hemel toe gaan nie. Skrap daardie onderwerp.

Totdat ek vanoggend weer na die berig op die nuuswebwerf waarop ek ingeskryf is, raaksien: die storie van die skoolhoof van die vooraanstaande skool in Gauteng. Ja, daardie selfde skoolhoof wat blykbaar 'n boelie is.

Soms wens ek dat ek net vir so rukkie in sy personeelkamer kon sit terwyl hy, soos wat berig word, die vloer met van die personeellede vee. O, nee, op 'n goeie dag sou hy dit nie ver gebring het nie.

Mens mag dalk heimlik so dink, maar wanneer jy in daardie situasie is, lyk dink heeltemal anders.

Dit het my laat terugdink aan ene meneer Smith. Meneer Smith was die eienaar van die heel eerste skool waar ek moes gaan skoolhou. Ek wou eintlik verder studeer, maar toe kry ek 'n opdrag om na die respirasietempo van blaarluise te kyk. Nou, regtig. Respirasietempo van blaarluise? Ek het vir 'n week probeer om regtig opgewonde daaroor te wees, maar ek kon nie, ek kon net nie.

Gelukkig hoor ek toe van hierdie nuwe Privaatskool in die hart van die Oos-Vrystaat en hulle is op soek na iemand met my kwalifikasies. Dit was nie 'n hindernisbaan om 'n pos daar te kry nie: my ou pa en ma het saam met my na die skoolhoof se huis gery (die tweede keer in my lewe wat ek in daardie ge-ooste kom). Die skoolhoof het min of meer gevra wanneer ek kan begin en dit was die einde van die onderhoud.

Meneer Smith was 'n korterige man. Met 'n nog korter humeur. Probleem was: Meneer Smith was nog nooit in die onderwys nie. Hy het die skool oopgemaak om geld te maak. Punt.

Meneer Smith wys my my klas. Een van vier klasse in die saal. Ek het Wiskunde gegee, en daagliks teen twee graad 4-klasse en een taal-klas gepraat. Dit was darem afgeskort, maar klank trek lekker ver.

Daar was nie banke in my klas nie. Die arme kinders moet op hulle se skote sit en skryf. Toe ek uiteindelik moed bymekaarskraap en gaan vra vir banke, wou hy weet hoekom dit my pla? As ek dan so 'n goeie onderwyser was, hoekom maak ek nie 'n plan nie?

Dan was daar die skryfbehoeftes: jy kon elke dag 'n stukkie bordkryt by die voorraadekamer kry. Slegs een, want wat wil jy met twee stukke maak?

Meneer Smith het dit geniet om buitekant jou klas te staan en af te luister. Dalk wou hy maar net sy skoollewe herleef, ek weet nie. Maar ons het dit geweet, en aspris allerhande snert kwytgeraak terwyl die kinders geproes het. Want soos ons dit geweet het, het hulle dit geweet.

Meneer Smith vertel eendag vir ons dat die tennisbane, wat meer bossies as baan was, herstel moet word. "Want julle kyk mos na niks nie. Dit is so toegegroei, dit lyk soos 'n woestyn."

Ons het heerlik gelag, sommige sommer in die vergadering oor die metafoor: toegegroei soos 'n woestyn. Nou ja.

Een dag het meneer Smith wyslik besluit om die fotostaatmasjiene toe te sluit, terwyl ek die volgende dag moes toets skryf. Net voor die toetsperiode, hol ek gou-gou die dertig meter na die fotostaatmasjien toe, en maak die fotostate. Meneer Smith spring kordaat uit sy kantoor, begin op een plek trippel en skel my uit omdat ek in my werkstyd fotostate maak.

Ek kon nie meer nie: ek trippel, nes hy, op een plek rond en skel hom terug omdat hierdie deel is van my werk.

Meneer Smith het in sy kantoor verdwyn en ons het hom vir die res van die dag nie gesien nie.

Ek het met die koor gehelp. Die leerders was anderstalig as ek. Hulle het 'n tradisionele lied effens verander sodat jy hier en daar kon uitmaak dat die lied handel oor meneer Smith en sy kantoor. Uiteindelik hoor ons dat die kinders sing: "Ons gaan na meneer Smith se kantoor, drink 'n bier saam met hom en dan hou ons darem bietjie van mekaar."

Ons het hom dit nooit vertel nie.

Meneer Smith het ons salarisse uitgewerk tot op die uur: wanneer daar 'n vakansiedag in die maand was, het ons nie 'n volle maand se salaris gekry nie. Ook nie Desember se volle salaris nie, want as die skole die tweede week in Desember sluit, beteken dit dat ons net tot dan betaal hoef te word.

En dan was daar, soos met die meneer van die Gautengskool, ook die uittrapsessies in die personeelkamer. Maar soms was dit met 'n effense kinkel: Linda was lief vir die bottel en vir deurskynende wit klere. Meneer Smith sou dan, soos sy gewoonte was, op een plek trippel en skel. Linda, met haar babalaas, sou dan opstaan en haar lyf rondskud en guitig sê: "Ons verstaan, meneer, ons verstaan." Meneer Smith sou dan weer na sy kantoor verkas.

Tot my blote verbasing was dit maar net die eerste van 'n paar skoolhoëkoppe met wie ek te doene gehad het wat sy personeelkorps soos vuilgoed behandel het.

Maar dan was daar ook skoolhoofde vir wie ek die wêreld se respek gehad het en steeds het. As jy saam met so 'n skoolhoof werk, gaan sê sommer vandag vir hom dankie. Jy kon in Gauteng skoolgehou het.

Volgende week vertel ek nog van my skoolhoofde en ons wedervaringe.

# PANEEL 22




*Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy*

# OPRIGTING VAN DIE GELOFTEKERK

**■ Quarta Pretorius**

Die Voortrekkers het hulle onderneming in die Gelofte van 1838 (paneel 20) om, indien hulle die Zoeloemag sou verslaan, 'n kerkgebou tot eer van God op te rig, spoedig nagekom. Die kerk is in 1839-40 in die Voortrekkerdorpie Pietermaritzburg gebou en huisves tans die Voortrekkermuseum. Op hierdie paneel word nie net die bouers van die kerk uitgebeeld nie, maar ook die mans wat die straatblokke vir die nuwe dorp met tou aan't uitmeet is. Die argitek van die Voortrekkermonument, Gerard Moerdijk was die model vir die man links op die paneel.

***Beeldhouer: Peter Kirchhoff***



# COVID-19 IN HEILBRON




The latest information passed by Fezile Dabi District Health Services dates to September 15, 2021 and indicates Ngwathe has 5371 confirmed Covid-19 cases, of which Heilbron stands at 1321. A total of 29 positive cases have been added since September 2, 2021. The entire Fezile Dabi district has 23 874 confirmed cases announced.

Today is day 540 of the lockdown period, and the latest figures show that 2 869 201 confirmed cases have already been announced in South Africa. The death toll currently stands at 85 469, and already 2 700 299 people have recovered from the virus. South Africa is still the country with the 17th most Covid-19 positive cases in the world.

Anyone above the age of 18 can get the Covid-19 vaccination.

For Heilbron people, Tokollo Hospital is open during the week from 07:30-18:00. Sizabatu Clinic in Phiritona now serves as a vaccination site on weekends. On Saturdays, the site will be open from 08:00-15:00 and on Sundays from 08:00-13:00. This decision was made after the low turnaround of patients on weekends. The reason can be the distance from the suburbs to the hospital. Special arrangements can also be made for the team to travel to farm areas.

Please contact Lucas on 072 746 2412 or Sam on 073 550 8718.

## WARD OF EXCELLENCE

**CORRECTION: Heilbron Herald 10 September 2021, Tokollo Isolation Ward**

Photo were taken at the occasion of Mike's discharge on 3 September 2021. Henry & Mike celebrated with Dr. Matla and his dedicated team at Tokollo Hospital's Isolation Ward. Mike's 60th birthday was while he was in isolation on 1 September, even more reason to celebrate.

# KENNISGEWINGS

FORM JJJ

**LOST OR DESTROYED DEED**

(Form JJJ added by GNR. 62 of 25 January 2019)

Notice is hereby given in terms Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer Number T24427/2005 passed by Absa Bank Registration Number 1986/004794/06 in favour of Zelna Beer, Identity Number 700512 0016 08 6 unmarried, and Christene Breytenbach, Identity Number 820503 0114 08 3 unmarried, in respect of certain Erf 514 Heilbron, District Heilbron, Province Free State, which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein, at the office of the Registrar of Deeds, Room B29, within two weeks from the date of the publication of this notice.
DATED at BLOEMFONTEIN this 7 September 2021.
**DE JAGER & LORDAN INC.**
**2 ALLEN STREET,**
**GRAHAMSTOWN, 6139**
**TEL: 046-622 2799**
**REF: MR. W. DE JAGER**

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE**

In die boedel van wyle, **JAN SKOSANA,** met Identiteitsnommer 450818 5316 088, 'n ongetroude persoon, **boedelnommer, 006960/2021** wie woonagtig was te 1072 Petsana, Reitz, 9810, Vrystaat en wie op 13 Junie 2016 oorlede is.
Enigeen wat 'n eis het teen, of bedrae verskuldig is aan die bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eise in te dien, of verskuldigde bedrae te betaal, by die ondergemelde adres, binne 30 (Dertig) dae na publikasie hiervan.
Geteken te Bethlehem op hede die 31ste dag van Augustus 2021.
**SJ VENTER**
**154 CAMBRIDGE STRAAT**
**POSBUS 823, BETHLEHEM, 9700**
**TEL: 058 050 0494**
**E-POS: elsa@sventerlaw.co.za**
**VERW: SJ VENTER/es/SKO11/0001**

**NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS**

In the Estate of the **LATE LUKAS JOHANNES POTGIETER NEL,** Identity Number: 371004 5020 089 and **DORATHEA MARIA NEL,** Identity Number: 590216 0031 086, married in community of property to each other, residing at No. 3 Rosenlaan, Lourensia, district Koppies, Province Free state who died on 22 May 2021, **Estate Number: 8040/2021**.
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on this 7 September 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

FORM JJJ

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **NUMBER T19222/1993** passed by
**ESTATE LATE MOREEN BRINK, NO. 249/1993**
in favour of
**JANOS KATAY**
**Identity Number 390524 5054 082**
Married out of community of property
In respect of;
One-half share in and to:
Erf 858 in the Township of Oranjeville, district Heilbron in extent: 2040 (Two thousand and forty) Square metres;
**Held by deed of transfer No. T19222/1993**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Roodepoort on this 9 November 2020.
**APPLICANT: LOUW & HEYL ATTORNEYS**
**LOUW & HEYL BUILDING, PROPERTY PARK**
**389C ONTDEKKERS ROAD**
**FLORIDA PARK, ROODEPOORT**
**E-MAIL: carol@louwheyl.co.za**
**TEL: 011 475 5090**
**FAX: 086 518 6112**
**REF: MAT41878/CAROL**

**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure:**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 * HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

# JAARBEPLANNER

**OKTOBER 2021**
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)

**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)




# SUDUKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 6 | 5 | 8 | 3 | |
| 8 | 5 | | | | | | | 7 |
| | | | 2 | | 8 | | | 4 |
| 5 | | | | | 1 | | | |
| | 7 | | 8 | 5 | | | 1 | 2 |
| | 2 | | | 4 | | | 9 | 8 |
| | 8 | | 6 | | | | | |
| 1 | 3 | | 5 | | | 9 | | |
| 9 | 6 | | | 3 | | | | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

**Ondervind u probleme om duidelik te hoor?**

**HEAR4LIFE**, 'n gehoorpraktyk van Pretoria, **besoek Heilbron** weer op

**DINSDAG 21 SEPTEMBER 2021.**
Gehoortoetse en apparate teen Mediesefonds tariewe.

Hear4Life

**Skakel /WhatsApp Ria 063 959 3028 vir afsprake.**




# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller Draaiwerke

**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.*
Tel: 058 852 3033.

**BLOEDSKENK DATUMS**




**28 September**
**23 November**

*Winkelure*
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
**• Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
**• John Watson** john@heilbron.co.za
**• Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
**• Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
**• Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
**• Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
**• Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
**• Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
**• Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
**• Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
**• Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreative
studio.co.za

# LANDLOOP LEKKERTE! VRYSTAAT KAMPIOEN IN ONS MIDDE!





*Verlede naweek het twee van Hoërskool Heilbron se landlopers aan die Vrystaatproewe deelgeneem in Thaba Nchu. Marizaan Swanepoel (o/9) (foto regs) het Vrydag, 10 September 2021 deelgeneem en 'n eerste plek behaal! Op Saterdag, 11 September 2021 het Joshua van Wyk (o/16) (foto links) deelgeneem en 'n agste plek behaal. "Ons is baie trots op die twee dapper drawwers." skryf die skool. As gevolg van Covid-19 vind daar nie hierdie jaar 'n landloop SA's byeenkoms plaas nie.*

# WEERVOORSPELLING

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Sa. 18/9 | 8/23 | Sonnig | So. 26/9 | 12/26 | Sonnig |
| So. 19/9 | 10/26 | Sonnig | Ma. 27/9 | 12/27 | Sonnig |
| Ma. 20/9 | 11/24 | 40% kans vir donderbuie | Di. 28/9 | 10/27 | Sonnig |
| Di. 21/9 | 8/29 | Sonnig | Wo. 29/9 | 13/28 | Sonnig |
| Wo. 22/9 | 12/27 | Sonnig | Do. 30/9 | 14/29 | Sonnig |
| Do. 23/9 | 8/27 | Sonnig | Vr. 1/10 | 14/28 | Sonnig |
| Vr. 24/9 | 11/25 | Sonnig | Sa. 2/10 | 13/28 | Bewolk |
| Sa. 25/9 | 11/26 | Sonnig | So. 3/10 | 12/27 | Bewolk |

# PARTICIPATED IN X-COUNTRY




*Kearabetswe Primary School in Heilbron participated in X-Country from district level to provincial level in Bloemfontein on the 10th of September 2021. On the photo back: Mr Motsiri (coach), Mnguni Kagizo (gold), Mokone Amohelang (gold), Me Bucibo (coach), Dladle Andiswa (position 4), Serathi Thandeka (position 8), Me Thabane (coach). Front: Motlokoa Koi (gold), Nhlapo Tumelo (position 6), Vos Joseline (bronze), Mokoena Relebohile (position 5).*

# LAASTE KANS VIR KIESERS

"Môre en oormôre is u laaste kans om seker te maak u sal kan stem tydens die munisipale verkiesing op 1 November," sê Raadslid Carina Serfontein. Sy is voorsitter van Ngwathe se DA-koukus, en weer 'n kandidaat.

Alle stempunte in Ngwathe se 19 munisipale wyke sal môre en oormôre oop wees sodat nuwe kiesers kan registreer. Lokale is oop vanaf 8 vm tot 5 nm. Kiesers wat sedert die laaste verkiesing verhuis het sal ook hier kan herregistreer. Ook kiesers wie se wyksgrense as gevolg van herafbakening verander het sal kan herregistreer. Munisipale kiesers kan stem slegs in die wyke waarin hulle tans woon.

Rdl Robert Ferendale van Heilbron waarsku dat Covid-regulasies by alle stempunte streng eerbiedig sal word. "Onthou u masker, en bring u groen ID-boekie of u ID-kaart of 'n tydelike ID-dokument saam," sê hy.

Die kieserslys sluit finaal aanstaande Maandag. Kiesers mag dan twee weke lank (tot 4 Oktober) aansoek doen vir 'n Spesiale Stem. Dit is beskikbaar vir verswaktes, siekes, en kiesers wat op stemdag elders as in Heilbron sal wees.




Photos
TAKE 24 HRS
minimum
Heilbron Herald
058 852 3033
Dinepe
DINKA LETSATSI KAOFELA
pele o sethola

Fraaihuis Bloemiste

Ruikers, Gerwe, bosse blomme, kisruikers, kranse ens.

Skakel Lida
084 662 2348

Raubenheimerstraat 136
Heilbron


## VVA SÊ DANKIE

Die bestuur van Vrystaat Versorging in Aksie wil almal graag bedank vir die ondersteuning van hulle pannekoek-verkoping en donasies wat geskenk is.


North West Gambling Board

NORTH WEST GAMBLING BOARD

## NOTICE IN TERMS OF SECTION 35 OF THE NORTH WEST GAMBLING ACT, 2001 (ACT No. 2 OF 2001), AS AMENDED.

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 35 of the North West Gambling Act, 2001 (Act No. 2 of 2001), as amended, that the North West Gambling Board ("the Board") intends to hold public hearings in respect of applications received in terms of the North West Gambling Act, 2001 (Act No. 2 of 2001) as amended.

**The public hearings will be held, as follows:**

| DATE | TIME | VENUE | LICENSEE |
|---|---|---|---|
| 29 September 2021 | 10H00 | Mafikeng (Exact venue to be confirmed) | Lakama Resorts and Casino (Pty) Ltd |
| 29 September 2021 | 14H00 | Mafikeng (Exact venue to be confirmed) | Magic Slots SA (Pty) Ltd |

Kindly note that applicants and persons who lodged representations, as contemplated in terms of the provisions of section 29(2)(b)(i) and (ii) of the North West Gambling Act, 2001 (Act No. 2 of 2001), as amended, will be afforded an opportunity to make oral representations during the hearing.

Enquiries may be directed to Ms. Morongoa Moss, Tel 018 384 3215, Fax: 018 384 2209 or Email: ceo@nwgb.co.za

**North West Gambling Board**
**Private Bag X34** or **131 University Drive**
**Mmabatho** **Mmabatho**
**2735** **2735**

**Issued by Mr Bafana Mabale, Acting Chief Executive Officer, North West Gambling Board, Mahikeng.**

**Enquiries: Ms. Morongoa Moss, tel. No: 018 384 3215/25.**



Winkelure



**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00

*Elsstraat 44, Heilbron*
*Tel: 058 852 3033*


# SMALLS

# KENNISGEWINGS

**NOTICE OF SALE IN EXECUTION OF MOVABLE PROPERTY BY WAY OF PUBLIC AUCTION**

In the Magistrate's Court for the district of Petrus Steyn held at Petrus Steyn.
**CASE NO: 14/2021**
**In the matter between:**
**PHILIP RUDOLPH WEPENER**
*Execution creditor*
And
**JOHN LESETJA MAKHAFOLA**
*Execution debtor*

PURSUANT to a judgment of the above-mentioned Court given on **25 August 2021** and Warrant of Execution dated **01 September 2021** the under-mentioned goods will be sold at **10:00** on **11 October 2021** by public auction to be held at **PLOT TOCHWATT, PETRUS STEYN, 9640,** by the Sheriff for the above-mentioned Court to the highest bidder for cash.

**GOODS**
The items to be sold comprises of various motor vehicle parts and accessories, including but not limited to: sparkplugs, ball joints, oil, filters, brake fluid, anti-freeze, grease, fan belts, exhaust mountings, radiator caps, jumper cables, tie rod ends, engine flush, water pumps and tyre fix.
For enquiries regarding the full content of the sale, contact the undermentioned Sheriff.
**Terms:** Voetstoots ("as is") and for cash.
**Take further notice that:**
1. This is a sale of execution in terms of the judgment obtained in the above-mentioned Court;
2. The rules of this sale is available 24 hours prior to the sale at the office of the Sheriff, 28 Els Street, Heilbron, 9650;
3. Registration as buyer is mandatory subject to the specified terms, inter alia;
a. The directives of the Consumer Protection Act 68 of (http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961);
b. FICA legislation in terms of identity and address particulars;
c. Payment of registration fees;
d. Terms of registration.
4. The sale will take place through the office of the Sheriff, Petrus Steyn, W F Minnie, Telephone number: 058 853 0490.
5. Advertising fees at prevailing publication rates and selling costs according to the Court Rules apply.
**ATTORNEYS FOR EXECUTION CREDITOR**
**VAN ZYL-FOURIE ATTORNEYS**
**16 REITZ STREET**
**PETRUS STEYN, 9640**



# - OJ VS OH - WIE GAAN DIT WEES?




Tot die valstande is uitgehaal, maar tande gaan gewys word vir volgende naweek se geveg tussen Heilbron en Frankfort in die jaarlikse BASF Ryder Cup gholf kragmeting tussen dié twee dorpe.

Heilbron kon die beker nog net een keer verower, maar volgens die nie-spelende kaptein Herman Claasen alias Herman Hollywood, is dit vanjaar 'n heeltemal ander storie en is daar nie eers plek vir Rooikappie nie.

Heilbron se tuisbaan-voordeel kan in hulle guns tel, maar die belangrikheid van kombinasies in die dubbel kompetisie moet nie onderskat word nie. Die pare kombinasies van Heilbron se span lyk vanjaar gevaarlik, maar net tyd sal die uitslag bepaal. Saterdag is gewoonlik ook die gevaarlike dag, te vroeg feesvier het al veroorsaak dat die beker geval het. Die negentiende putjie was die afgelope week leeg en die oefenbof vol. Dit lyk of Heilbron se manne ernstig is oor 'n wen.

Môre is dit gewone kompetisie en ook 'n goeie geleentheid vir die finale afronding vir volgende week se groot uitdaging.

Heilbron se Ryder Cup span soos volg: S Malgas, J Leonard, S Moholo, G Muller, V Leeb, J Watson, E Stander, J Bruyns, R Schutte, L Strydom, A Watson, N van der Walt, E Muller, D Walker, W Loots, E Els, A Saayman, W Pretorius, P van Staden en J Nelson.

# HEILBRON Duiwenuus



Die naweek se wedvlugte was vanaf Cradock. Duiwe het stadig gevlieg teen 'n sterk noordewind tot in Bloemfontein. Die 585 km is in 9 ure en 40 minute afgelê teen 'n gemiddelde spoed van 60 km per uur. Die een wedvlug is deur OJ's Hokke gewen en die ander een deur Zenith A.

**CRADOCK OPE 1**
1. Zenith A, 2. Crause & Seun
3. Zenith A, 4. Zenith A
5. Crause & Seun, 6. F Viviers
7. Zenith B, 8. OJ's Hokke
9. Zenith A, 10. Zenith A

**CRADOCK OPE 2**
1. OJ's Hokke, 2. Crause & Seun
3. Zenith A, 4. F Viviers
5. F Viviers, 6. Zenith A
7. F Viviers, 8. F Viviers
9. F Viviers, 10. Crause & Seun

# ROLBAL, ROLBAL EN NOG ROLBAL

*• Gerald Rademeyer*

Vir die eerste maal in jare word ons bederf met 'n heerlike lentedag.

Deur die winter en ook as gevolg van Covid was die rolbalspelers maar bietjie traag en met reg huiwerig om rolbal te speel. Die gevolg was dat sosiale spel op Woensdae en Saterdae maar min ondersteuning gekry het, maar op 1 September was dit asof ons rolbalspelers uit hul winterslaap ontwaak het en is die byeenkoms op die warm lentedag baie goed ondersteun.

Donderdag 9 September tydens die algemene jaarvergadering is die volgende persone tot die bestuur verkies: Voorsitter: Gerald Rademeyer, Vise-voorsitter: Terrence Cunningham, Sekretaresse: Hannalie Claassen, Tesourier: Henriehett de Waal met Petro Habig, Judith Joubert en Ronel du Plooy addisionele lede.

Die nuwe bestuur het baie nuwe idees en die seisoen beloof om vol opwinding te wees.

Ten spyte van die onsekerheid rondom die inperking is daar vroeg al begin met die reëlings vir die besigheidsliga en is 'n vol baan van 14 spanne reeds ingeskryf vir hierdie jaar se kompetisie wat op 13 Oktober begin.

Carine Kriek, JC en Dolly Pretorius word verwelkom as nuwe lede.

Die rolbalklub spog natuurlik met Hannalie Claassen wat gekies is vir Noord Vrystaat B span. Dis net weer 'n bewys dat harde werk resultate lewer en ons weet dat sy haar beste sal lewer.



*Hannalie Claassen*

**JAARPROGRAM : 2021**
**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 2 OKTOBER | OPE PRYS SKIET | 09:00 |
| 2 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 16 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2022 MOET NOU BETAAL WORD | |





GiG Technologies (Pty) Ltd
Contact us for a free Quotation
Church street 44
Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
New!!
AJAX Wireless
Smart Home Security Systems



BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 20 SEPTEMBER 2021**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**DINSDAG - 21 SEPTEMBER 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

AMERSFOORT: DUBBEL X SAVM
15DE JONGRAM PRODUKSIEVEILING
11:00, Schuilplaas
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

VRYHEID: GESAMENTLIKE VEILING VAN RENZO BRAHMANE, OPTIMUM BONSMARAS & GASVERKOPERS
11:00, Vryheid veilingskrale
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

**WOENSDAG - 22 SEPTEMBER 2021**

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

ODENDAALSRUS: JAN DELPORT STAAK BOERDERY VEILING
11:00, Skotland
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**DONDERDAG - 23 SEPTEMBER 2021**

FRANKFORT weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

LADYSMITH: JULIUS BEUKES (BESSIESFONTEIN DOHNE MERINO STOET)
13DE PRODUKSIEVEILING
11:00, Bessiesfontein
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

**VRYDAG - 24 SEPTEMBER 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BETHLEHEM: DANIE VAN DEN HEEVER
11:00, Oshoek
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**